# KERK EN VOLK

## 'n Bespreking na Aanleiding van die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1888.

PROF. DR. A. D. PONT

Wanneer oor die begrippe **Kerk** en **volk** gehandel word na aanleiding van die Algemene Kerkvergadering van 1888 dan is dit duidelik dat alleen fragmentariese gegewens daaroor gegee kan word. Dié Algemene Vergadering het nie uitvoering op hierdie begrippe ingegaan nie en was ook nie van plan om 'n uitvoerige uiteenstetting hieroor te gee nie. Inteendeel. Hierdie Vergadering moes hom besig hou met die reorganisasie van die Ned. Hervormde Kerk wat as gevolg van die Kerkvereniging van 1885 gedeeltelik opgegaan het in die nuwe Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk en gedeeltelik bly voortbestaan het rondom die Ned. Hervormde gemeente Pretoria (Witfontein). Tog is dit opvallend dat die Algemene Kerkvergadering juis as gevolg van sy reorganisasie-arbeid aandag gegee het aan die verhouding Kerk en volk en die stelling gemaak het dat die Kerk hieroor die houding wat in 1853 ingeneem is, wil konstinueer[1]). Wanneer die begrippe **Kerk** en **volk**, soos dit gebruik is in 1888, nagegaan wil word, sal dit dus beteken dat daar ook op die voorafgaande tyd gelet sal moet word.

Die beginpunt wat hier in ag geneem kan word, is die Groot Trek wat nie net 'n uittog uit die Kaapkolonie was nie maar veel eerder 'n manifestasie van die volk-wording van die Afrikaner, van die behoefte om selfstandig te ontplooi[2]). Een van die tiperende uitsprake in hierdie verband is ongetwyfeld die Manifes wat deur Piet Retief onderteken is en in **The Graham's Town Journal** gepubliseer is. Daarin is dit duidelik dat die Voortrekkers hulleself van die begin af as 'n vrye, selfstandige volk beskou het wat nou, ongehinderd deur die Engelse Owerhede in SuiderAfrika, hulle eie koers kan en wil gaan[3]). Hierdie strewe

---

[1]) **Broederlijk Schrijven** ens., toegevoeg aan **Notulen der Algemeene Kerkvergadering van de Nederd. Hervormde Kerk in de Z.A.R., 1888,** Pretoria 1888, blz. 97.

[2]) Vgl. onder andere S. P. Engelbrecht, **Ds. Dirk van der Hoff en die Voortrekker-ideaal**, artikel gepubliseer in **Hervormde Teologiese Studies,** Pretoria 1953, Jaargang 9, bls. 130.

[3]) Vgl. **Manifes**, art. 7: „We make known that when we shall have framed a code of laws for our future guidance, copies shall be forwarded to the colony for general information; but we take this opportunity of stating, that it is our firm resolve to make provision for the summary punishment of any traitors who may be found among us.
Art. 9: We quit this colony under the full assurance that the English government has nothing more to require of us, and will allow us to govern ourselves without its interference in future."

na vryheid en na 'n selfstandige volk-wees straal uit al die geskrifte en uitsprake van die Voortrekkerleiers en een van die duidelikste uitsprake in hierdie verband is ongetwyfeld dié van gen. A. H. Potgieter as hy in Augustus 1841 aan gen. A. W. J. Pretorius skrywe[4]):

„Ik wil my onder geen Brit, nog onder geen mogenheid van in die waereld onderwerpe . . . en ben geen **Brit,** zo hoop en vertrouw ik het ook nooit te mogen worden, . . . Tot betrekking van ons land die met menchen bloed gekocht is, ik hoop en vertrouw dat niet alleen ik, maar alle ingezetene burgers van onze vereenigde Maatschappy van gevoel zal weezen, om niet alleen het land, maar alle met onze burgers gekochte bloed-land te helpe verdedigen en voortestaan, en daarvan zelfs niet een duim grond te willen verliezen . . . "

Hierdie vryheidsdrang van die Voortrekkers het na die vestiging van die Voortrekkerrepubliek in die binnelande van Suid-Afrika nié verminder nie. Selfs die anneksasie van Natal[5]) en van die Oranje Vrystaat-gebied[6]) het nié die gedagte dat die Voortrekkers 'n eie volk is, met sy eie ideale en wat onafhanklik sy eie toekoms wil bou, laat verflou nie[7]). Duidelik word dié gedagte gestel as gesê word[8]):

„ . . . om evenals onze voorgeslachten, en alle Europeesche natien voor ons gedaan hebben, een eigen land, en een eigen regeringsvorm te bekomen en op te rigten, en om daardoor ons vry te houden van alle wetten en gewoonten van anderen natien, die met ons geweten en nationaal gevoel strydig en in ons oog onbehoorlyk zyn . . . "

Vir die Voortrekkers self was daar geen twyfel dat hulle, onmiddellik na hulle vertrek uit die Kaapkolonie opgehou het om Engelse onderdane te wees en dat hulle 'n eie, vrye en onafhanklike volk en staat gevorm het nie[9]).

---

[4]) Aangehaal by: C. F. J. Muller, **Die Britse Owerheid en die Groot Trek,** Johannesburg 1963, bls. 87.

[5]) Na dié gebeure skrywe die Potgietermense in die Oorvaalse: Wij beschouwen ons vry en onafhankelyk en zullende vootvaren met onze eigen bestier, en hopen van niemand gehinderd te worden. Aangehaal by A. N. Pelzer, **Wordingsjare,** Kaapstad 1950, bls. 210.

[6]) Vgl. in hierdie verband C. F. J. Muller, **a.w.,** bls. 87.

[7]) Hierdie strewe was nie net anti-Engels nie, maar veel eerder en duidelik pro-Afrikaans soos dit ook blyk uit die duidelike aanwysing in 1848 dat die Voortrekkers nie onderworpe wil wees aan die Portugese in Delagoabaai nie. Vgl. A. N. Pelzer, **a.w.,** bls. 210.

[8]) Aangehaal by C. F. J. Muller, **a.w.,** bls. 88.

[9]) Die Natalse Volksraad het in 1841 duidelik verklaar: Wy hebben aanstonds, na dat wy Haare Majestyds grondgebied in Zuid-Afrika verlaaten hebben onze onafhanklikheid gepubliceerd en hebben van dien tyd af tot nu toe als een onafhankelyk volk gehandeld, ons zelfe bestierd naar onze eigene wetten en bygevolg opgehouden Brittische onderdanen te zyn. Aangehaal by A. N. Pelzer, **a.w.,** bls. 209 vgg.

As onafhanklike volk wat van baie kante bedreig was, wat met 'n sterk gemeenskaplike ideaal vervul was en wat in familieverband dikwels nou met mekaar verbonde was, was dit ook vanselfsprekend dat dit 'n taamlik homogene volk sou wees[10]). Hoewel daar wel partyskappe, groepvorming en faksies was wat sowel eendragtige optrede as 'n gelykmatige nasionale ontwikkeling gerem het, was dié verdeeldheid egter nie prinsipieel van aard nie maar eerder verskille oor die metode en weë waarlangs die gemeenskaplike vryheidsideaal bevorder moes word.

Hierdie grotendeels homogene volk het terselfdertyd **die Kerk** in die Voortrekkerrepubliek gevorm en net soos die Voortrekkers hulle Britse burgerskap in die Kaapkolonie agtergelaat het, net so het hulle formele lidmaatskap van die Kerk in die Kaapkolonie agtergebly. Net soos hulle as vrye, onafhanklike volk op die trekpad en met die vestiging van die Voortrekkerrepubliek 'n vrye, onafhanklike maatskappy of staat gevestig het, so het hulle van meet af aan ook 'n onafhanklike kerklike organisasie gevestig. Daarom is daar van die begin af Kerkraadslede aangewys en is selfs in die persone van Eerw. Erasmus Smit en na hom ds. Daniel Lindley predikante vir die Voortrekkerkerk aangewys — dit alles sonder dat die Kaapse Kerk daarin geken is of dit selfs noodsaaklik geag is om die Kaapse Kerk daaroor te raadpleeg[11]). Gedurende hierdie tyd — dit wil sê vanaf ongeveer 1836 tot 1853/4 — het die Voortrekkerkerk geen meerdere vergadering naas die Kerkraadsvergadering gehad nie en behalwe vir die twee bogenoemde predikante, ook geen vaste predikant gehad nie. Terselfdertyd het die feit dat die lidmate van die Kerk en die burgers van die Staat vir alle praktiese redes dieselfde mense was, meegebring dat die belange van die Kerk ook deur die burgerlike Owerheid behartig is. Dit het meegebring dat die Kerk assodanig, vir sover mens in hierdie omstandighede van „die Kerk" kan praat, geen besondere invloed op die volk uitgeoefen het nie en ook geen rigtinggéwende invloed gehad het nie. Dit neem natuurlik nie weg dat die Vootrrekkers sèlf, omdat hulle leiers gelowige mense was en omdat hulle die Heilige Skrifte gelees het saam met die stigtelike literatuur wat hulle gehad het, in hulle optrede en opvattings sterk beïnvloed is deur die christelike geloof nie.

---

[10]) Vgl. in hierdie verband ook die afwysende houding teenoor die vreemdeling soos geskets deur A. N. Pelzer, a.w., bls. 211 vgg.

[11]) Vgl. in hierdie verband A. D. Pont. **Die Vestiging van die Ned. Hervormde Kerk in 1853** ens.. artikel in **Hervormde Teologiese Studies**, Krugersdorp s.j., Jrg. 20, bls. 149 vgg.

Die verhouding van die Voortrekkers met die Kerk in die Kaapkolonie was van die begin af nie baie gelukkig nie. Dit omdat die kerklike leiding skerp téén die Groot Trek gekant was[12]) en, soos Engelbrecht dit formuleer[13]):

„. . . (die Kaapse Kerk) se belangstelling in die Trekkers was alleen tot daardie dele (van die land) beperk waar die Britse vlag hulle agterhaal het."

Selfs die deputasies van predikante vanuit die Kolonie na die Voortrekkers het nie altyd sonder by-motiewe die Afrikaner in die binneland besoek nie[14]). Dit alles het meegebring dat daar 'n verwydering tussen die Voortrekkers en die kerklike leiding in die Kaapkolonie ontstaan het. Die oorsaak hiervan was dat die Kerk in die Kaapkolonie deur die Voortrekkers geassosieer is met die Britse imperialisme wat vir die behoud van die Voortrekkerrepubliek en die uitbouing van die Vootrekkerideale 'n besliste gevaar was. Daarby is die moontlikheid in ag geneem dat die Britse imperialisme deur middel van die kerk, deur middel van die geestelike swaard, sou trag om die Voortrekkers van hulle vryheid en onafhanklikheid te beroof[15]).

Daar was dus ten opsigte van die ideale wat die Voortrekkers gekoester het in verband met 'n vrye, onafhanklike Voortrekkerstaat twee **kerklike** beleidsrigtings. Enersyds was daar die beleid wat gevoer is vanuit die Kaapkolonie wat die Voortrekkers opgeneem het in die Kaapse kerklike organisasie sodra hulle land geannekseer was en wat ten opsigte van die onafhanklike Voortrekkers òf afwysend gestaan het òf getrag het om hulle van die voordele van Britse oorheersing te oortuig[16]). Aan die ander kant was daar die Kerk-in-wording onder die Voortrekkers wat oor die algemeen gedra is deur dieselfde ideale as die Voortrek-

---

12) Vgl. die Herderlike Brief wat deur die Sinode van 1837 uitgegee is en waarin teen die Trek gewaarsku is. Gepubliseer deur A. Dreyer, **Die Kaapse Kerk en die Groot Trek**, Kaapstad 1929, bls. 3-4.

13) S. P. Engelbrecht, **a.w.**, bls. 131.

14) Vgl. A. Dreyer, **a.w.**, bls. 40, 74, 87, 121 waar hy verwys na die skrywe van dr. Wm. Robertson aan die owerhede in die Kaap: We have abstained in our public services from allusion directly to Rebellion. . . . But we embrace every opportunity of speaking very candidly with those who are said to be affected, in private . . . and we generally take care to obey the Apostolic Command by praying for the Queen and all in authority.

15) Vgl. in hierdie verband die brief van G. S., M. P. W., en H. P. Pretorius in **De Volksstem**, 19 Mei 1893 asook S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, Pretoria 1953, bls. 29vgg.

16) C. F. J. Muller, **a.w.**, bls. 87: Na die Engelse verowering onderskei J. N. Boshoff in Natal tussen Patriotte en Engelsgesindes. Laasgenoemde is die Afrikaansprekendes „die genegen zijn om het punt van vrijheid maar op te geven". Sien ook S. P. Engelbrecht, **Ds. D. van der Hoff en die Voortrekker-ideaal**, bls. 135.

wat nié deel van die Kaapse kerklike organisasie sou vrom nie. kers naamlik die bestaan van 'n organisatories-onafhanklike Kerk in die Voortrekkerrepubliek wat bedien sal word deur predikante wat nie deel van die Kaapse kerklike organisasie sou vorm nie.

Hierdie twee beleidsrigtings sou in die jare 1852-1854 in botsing kom in die Oorvaalse gebied en dit gee ook al 'n belangrike aanduiding van die verhouding tussen Kerk en volk in die beginjare van die Transvaalse Republiek.

In die jaar 1852 het ds. Andrew Murray en ds. J. H. Neethling getrag om die gemeentes in Transvaal kerklik in te skakel by die organisasie van die Kerk in die Kaapkolonie. Om dit vir die Transvalers aanneembaar te maak, het die deputasie die argument gebruik dat die **staatkundige** vryheid van Transvaal nie deur so **'n kerklike samevoeging** geraak sou word nie. Daarby is die argument gevoer dat dit alleen moontlik sou wees om 'n predikant uit die Kaapkolonie te kry indien die Transvaalse gemeentes hierdie inlywingsvoorstel sou aanvaar. Aangesien die Transvaalse gemeentes volkome herderloos was en daar geen ander moontlikheid was om 'n predikant te bekom nie, het die gemeentes en die Volksraad toegestem dat die Transvaalse gemeentes by die Kaapse kerklike organisasie ingelyf sou word.[17]). Dié besluit het egter ook reaksie uitgelok en in November 1853 het daar 'n memorie uit Mariko se wêreld by die Volksraad inge kom waar baie duidelik gestel is[18]):

„En indien De Wel Eedele Volksraad Altoos werkende is om ons onder En Weder de oude afgelegte Juk ken te brengen Zoo vent wij ondergetekende ons ver plecht de Volks Raat te bedanken."

Want so word dan verder gestel:

„Wij wenschen onze leeraare Vry en on af hankelyk te Hebben van alle Zijnode."

Hier word die interessante situasie dus gevind dat die volk by die Owerheid, wat hulle vir die gang van sake verantwoordelik hou, beswaar maak teen 'n beslissing wat op die kerklike terrein geval het. As dit iets aantoon, dan is dit seker die besondere noue verbondenheid van Kerk en volk wat in daardie situasie bestaan het. Dit is dan ook geen wonder dat ds. Van der Hoff na aanleiding van die inlywingsituasie in Augustus 1853 aan prof. Lauts skrywe[19]):

„ . . . dat verzoek niet alleen zedelijk is afgeperst, maar ook aan de voorwaarden (om 'n predikant na Transvaal te stuur) **niet** voldaan is."

---

17) Vgl. S. P. Engelbrecht, a.w., bls. 136.
18) Aangehaal by A. N. Pelzer, a.w., bls. 224.
19) Aangehaal by A. N. Pelzer, a.w., bls. 225.

Met die koms van ds. Van der Hoff na die Oorvaalse het die kerklike situasie aldaar skielik 'n ander wending geneem. Die groot vraag wat onmiddellik na sy koms uitgemaak moes word, was die vraag of die Transvaalse gemeentes nou tog nog wil voortgaan met die inlywing. Hierdie vraag het gedien voor die Algemene Kerkvergadering wat op 8 Augustus 1853 te Rustenburg gehou is, waar besluit is om die inlywing by die Kaapse Sinode nie te erken nie. Hierdie beslissing het weer gedien by die tweede Algemene Kerkvergadering wat in November 1853 te Potchefstroom gehou is en daar word dan verklaar dat die Kerk in Transvaal „een onafhanklijke Kerk onder haar eigen bestuur" is. Hierdie besluit is ook deur die Volksraad bekragtig. Die standpunt van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van die hele vraagstuk was[20]):

„. . . burgerlijk vrij en onafhankelijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke."

Hier vind ons dus 'n situasie waar die staatkundig-politieke opvattings van die volk 'n baie besliste stempel op die Kerk gedruk het. Want van die kant van die Kerk was daar géén beswaar teen die leer van die Kaapse Kerk nie. Die teendeel is eerder waar want by voortduring het die Transvaalse Kerk die Kaapse Kerk as **moederkerk** aangedui en die begeerte uitgespreek om die prinsipiële eenheidsband van die geloof te bly handhaaf. Twee faktore was egter 'n probleem ten opsigte van die organisatoriese inskakeling van die Transvaalse Kerk by die Kerk in die Kaapkolonie naamlik die mate van seggenskap wat die Kaapse Kerk, kragtens sy Kerkwet, aan die Engelse Owerheid verleen het èn die feit dat die kleurskeidslyn nie in die Kaapse Kerk gehandhaaf is nie. Hierdie twee faktore is gesien as 'n bedreiging vir die vryheidsideale van die Transvalers en daarom het **die volk** die organisatoriese samegaan van die Transvaalse Kerk en die Kerk in die Engelse Kaapkolonie resoluut verwerp[21]).

---

20) Vgl. ook D. van der Hoff, **Open Brief aan ds. J. P. Jooste**, 1871, herdruk in Hervormde Teologiese Studies, Pretoria 1963, Jaargang 18, waar ds. Van der Hoff stel: En wat betreft het doel der scheiding, dat was niets anders dan eene uitmuntende zorg om de vrijheid en onafhankelijkheid der emigranten te bewaren, . . . Sien ook **Eene Stem uit Mooirivier**, 1855, herdruk in **Hervormde Teologiese Studies**, Pretoria 1963, Jrg. 18, bls. 153-160.

21) Gedurende 1856 het sowel M. W. Pretorius as T. F. Dreyer deur die Oorvaalse gebied gereis om die konsepgrondwet van die Z.A.R. te bespreek op volksvergaderings. Oral het die volk eenparig besluit om „hun kerk zoo wel als hun staad onafhankelyk te houden." Vgl. A. N. Pelzer, **a.w.**, bls. 226 asook S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 124.

Met die koms van ds. Van der Hoff in Transvaal is die Kerk daar ook behoorlik georganiseer en is 'n bevoegde meerdere vergadering naas die verskillende Kerkraadsvergaderings ingestel en is ook 'n begin gemaak met die opstel van 'n eie Kerkwet[22]). Tog was die situasie nog so dat op die breëre staatkundige vlak die Kerk eerder 'n volgsame as 'n leidende rol gespeel het. Aan die ander kant is dit ook waar dat na die afskeiding van Lydenburg, staatkundig sowel as kerklik, in die jaar 1853-1854, ds. Van der Hoff 'n belangrike rol gespeel het in die pogings om 'n behoorlike Grondwet en duidelike omskrewe uitvoerende, wetgewende en regterlike magte vir die Staat daar te stel[23]). Dat die Kerk in daardie vormingsjare 'n samebindende en ordenende faktor was, is byna vanselfsprekend en dit is in 1955 ook so deur die Kerk uitgespreek[24]):

> „Gij die met ons treurt over de ongelukkige twisten en verdeeldheden, die Kerk en Staat verontrusten, houdt goeden moed. Wij wenschen de eenheid des geestes door den band des vredes te behouden; wij trachten de waarheid en de liefde aan te kweeken; wij benaarstigen ons vrede en eendragt te bevorderen en al datgene te doen wat strekken kan tot heil van Kerk en Staat."

In die ongekompliseerde situasie van die vyftigerjare het die verhouding tussen Kerk en volk dieselfde gebly as in die voorafgaande tyd. Die volk was die Kerk, die Kerk het die volk omvat — as 'n veralgemening hier toelaatbaar is. Dit word juis onderstreep deur die bepalings van die Grondwet wat in 1857 aanvaar is en in 1858 verder gewysig is. Hiervolgens word dit duidelik gestel dat die volk 'n christelike Staat oprig en dat „de Nederduitsch Hervormde Kerk zal de Kerk van de Saat zijn"[25]), terwyl slegs lidmate van die Ned. Hervormde Kerk as Volksraadslede verkies kon word. Terselfdertyd word in artikel 23 van die Grondwet bepaal dat geen ander kerklike gesag as dié van die Ned. Hervormde Kerk erken word nie terwyl artikel 25 ook bepaal dat die volk die onafhanklikheid en onskendbaarheid van die Ned. Hervormde Kerk wil handhaaf. Só het die Ned. Hervormde Kerk Staatskerk geword, die bevoorregte Kerk wat deur die christelike Owerheid van die land beskerm en onderhou moes

---

22) 'n Eie kerwet sou eers in 1862 werklikheid word. Van 1853 tot 1862 is nog gebruik gemaak van die Kaapse kerkwette van 1824 en 1842 vir sover dit van toepassing was of gemaak kon word. Hoewel 'n eerste konsep-kerkwet reeds in 1857 opgestel en deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar is, is dit nooit voor die Volksraad gelê nie en dit as gevolg daarvan ook nooit as Kerkwet gefunksioneer nie.

23) Vgl. S. P. Engelbrecht, a.w., bls. 126.

24) **Eene Stem uit Mooirivier**, bls. 159.

25) Artikel 20 van die Grondwet van 1858.

word. Hierdeur het die Ned. Hervormde Kerk in die volle sin van die woord Kerk-van-die-volk geword en het hy die posisie behou selfs na die afskeidings van 1859 en 1965. Omdat beide dié afskeidings slegs 'n relatiewe klein deel van die volk geraak het, het dit die besondere verhouding van die Ned. Hervormde Kerk tot die Transvaalse volk nie versteur nie en het die Ned Hervormde Kerk die kerklike tuiste gebly van die ou Voortrekkers en hulle nasate èn het die Kerk ook, vir sover dit op sy vlak gelê het, voortgegaan om die staatkundig-maatskaplike ideale van die Transvaalse volk, sy lidmate, te dien.

Hierdie situasie is egter versteur deur 'n tweetal gebeurtenisse wat elkeen op sy manier 'n verreikende invloed sou hê. Enersyds was dit die anneksasie van Transvaal in 1887 deur sir Theophilus Shepstone waardeur die Ned. Hervormde Kerk, na die anneksasie, gekonfronteer is deur die feit dat daar nou 'n vreemde, volksvyandige Owerheid in die land was. Omdat die anneksasie in die begin gesien is as 'n gebeure wat maar tydelik van aard sou wees, het die Kerk geen besondere aandag aan sy posisie in die veranderde omstandighede gegee nie en volstaan deur sy werksaamhede voort te sit onder die dekking van die protes waarmee President T. F. Burgers sy amp neergelê het[26]). Aangesien die anneksasie na die oorlog van 1880-1881 ongedaan gemaak is, het die Ned. Hervormde Kerk na 1881 voortgegaan soos vroeër, sonder dat die gebeure van 1877-1880 aanleiding gegee het tot 'n wysiging van siening en optrede ten opsigte van die aangeleentheid onder bespreking. Dit het miskien ook saamgehang met die feit dat die predikante van die Ned. Hervormde Kerk, met die uitsondering van ds. H. S. Bosman van Pretoria, hulle volledig ingewerp het aan aan die kant van die volk in hulle verset téén die anneksasie. Veral ds. N. J. van Warmelo van Heidelberg het hom volkome met die „patriotte" vereenselwig en hy het selfs die godsdiensoefeninge gelei by die laaste groot byeenkoms van burgers te Paardekraal wat direk aan die uitbreek van vyandelikhede voorafgegaan het. As in aanmerking geneem word hoeveel van die leidinggéwende kerklike ampsdraers en lidmate aan die krygsverrigtinge deelgeneem het, dan kan afgelei word dat ook in hierdie tyd Kerk en volk op die staatkundig-maatskaplike terrein soos één opgetree het.

Die tweede groot gebeurtenis wat die noue verbondenheid van die Ned. Hervormde Kerk en die Transvaalse volk aan spanning onderwerp het, was die poging tot kerkvereniging in 1885. Juis die heroplewing van die nasionale eenheidsgevoel,

---

26) Vgl. A. D. Pont, **Nicolaas Jacobus van Warmelo**, Utrecht 1955, bls. 122.

die gedagte dat 'n eensgesinde volk groot uitdagings die hoof kan bied, het meegebring dat by die volk self en by sy leiers die gedagte na vore gekom het om die kerklike verdeling in die ou Republiek te beëindig en die volk andermaal in één kerklike organisasie saam te snoer. Hierdie kerkverenigingegedagte wat grotedeels gebore is uit die nasionale eenheidsgevoel, is dus eintlik vanaf die staatkundig-kulturele lewensterrein na dié van die Kerk oorgedra[27]). Omdat die verbondenheid van Kerk en volk op hierdie stadium dan ook so heg is, is dit as volkome vanselfsprekend aanvaar dat dié saak ook deur die Kerk bespreek sou word. Hoewel die Gereformeerde Kerk nie deelgeneem het aan die verenigingspoging nie, het die Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Geref. Kerk tog deurgedruk en in 1885 het die Algemene Vergaderings van dié twee kerke oorgegaan tot kerkvereniging. Omdat die hele aangeleentheid egter verkeerd hanteer is, daar nie genoeg rekening gehou is met die wense van die gemeentes nie en ook die sterk Kaaps-Engelse sentimente van die predikante van die Ned. Gereformeerde Kerk nie genoegsaam in berekening gebring is nie, het die hele saak op 'n mislukking uitgeloop en het daar groter verdeeldheid op kerklike gebied in Transvaal na 1885 geheers as voor 1882. Die merkwaardige is dat die mislukking van die kerkvereniging nié op suiwer kerklik-teologiese vlak gelê het nie, maar veeleer toegeskryf moet word aan staatkundig-kulturele oorwegings wat gegeld het. In 1895 het ds. M. J. Goddefroy die saak só gestel[28]):

> „Door eene Vereeniging van Kerkeraden (voornamelijk van de Kaap-Engelschen uitgaande) naar een bepaald plan, lang tevoren beraamd, in den tijd der Engelsche overheersching, ware het bijna gelukt de nationale volkskerk bij de Kaapsche in te lijven. Doch dit zou niet geschieden; . . . "

Hoewel die kerkvereniging aan die Ned. Hervormde Kerk ongeveer een derde van sy lidmate ontneem het wat, vanweë verskillende oorwegings, in die verenigde Kerk gebly het, het die Ned. Hervormde Kerk na 1885 nooit weer die voorrangsposisie, ook wat getalle betref, herwin wat die Kerk voor 1885 gehad het nie. Daarvoor was hoofsaaklik twee faktore verantwoordelik — enersyds die ontdekking van goud en die daarmee gepaardgaande ekonomiese opbloei wat groot getalle mense na die Z.A. Republiek gelok het en wat hulle hoofsaaklik by die verenigde Kerk gevoeg het. Andersyds het die verenigde Kerk geen predikante tekort gehad nie en het dié Kerk ook daadwerklike en

---

27) Vgl. in hierdie verband die **Broederlijk Schrijven** van 1888, blz. 96.

28) Vgl. A. D. Pont, **Ds. M. J. Goddefroy, 1848-1920. 'n Skets van sy lewe en betekenis**, artikel in **Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969**, Krugersdorp 1969, bls. 153.

morele steun van die Ned. Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie geniet. Dit het beteken dat die Ned. Hervormde Kerk wat met 'n predikantetekort geworstel het en geen besondere gestalletoevoeging vanweë die immigrasiestroom ervaar het nie, geleidelik op die agtergrond geraak het. Hierdie verwikkeling om die Ned. Hervormde Kerk sy voorrangsposisie te ontneem was waarskynlik ook een van die sterkste aanleidende faktore wat die Ned. Gereformeerde Kerk in Transvaal tot kerkvereniging laat besluit het.

Die reorganisasie van die Ned. Hervormde Kerk na 1885 het eers behoorlik op gang gekom nadat ds. M. J. Goddefroy in 1887 as predikant van die gemeentes Pretoria (Witfontein), Middelburg en Trichardsfontein bevestig is. In Februarie 1888 is daarop weer 'n Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk in Pretoria gehou waar 8 gemeentes deur 28 afgevaardigdes verteenwoordig is. Dit is ongetwyfeld na die Algemene Kerkvergadering van 1853 die belangrikste vergadering wat deur die Ned. Hervormde Kerk in die ou Republiekeinse tyd gehou is. Nie alleen moes die reorganisasie van die Kerk weer aangepak word nie, maar terselfdertyd moes daar behoorlik aandag gegee word aan die posisie en standpunt van die Kerk in die nuwe en soms haglike omstandighede.

Die merkwaardige van hierdie vergadering is dat hier baie sterk beklemtoon word dat die Ned. Hervormde Kerk sy taak as Kerk bly sien om, benewens die Evangelieverkondiging, ook op die staatkundig-kulturele vlak sy rol te bly speel as „de nationale volkskerk". Dit is duidelik dat in hierdie vergadering die insigte van sowel ds. M. J. Goddefroy as oudl. C. J. Joubert 'n belangrike rol gespeel het en dat beide in hulle opvattings sterk beïnvloed is deur die standpunt en rol van die Kerk voor 1885.

Hoewel slegs fragmente gevind kan word van sowel ds. M. J. Goddefroy as oudl. C. J. Joubert se opvatting van die verhouding tussen Kerk en volk, is dit tog die moeite werd om 'n oomblik daarby stil te staan omdat dit lig kan werp op die opvatting soos dit deur die Algemene Kerkvergadering van 1888 geformuleer is. Ds. Goddefroy se opvattings kan fragmentaries gevind word en ook afgelei word uit die skoolstryd wat hy in sy Nederlandse gemeente Achlum moes voer. Daar het hy teenoor die liberaliste in sy gemeente, 'n harde stryd gevoer om finansiële middele waaroor die gemeente beskik het, los te maak terwille van 'n christelike skool as opposisie teen die Staatskool waar geen godsdienstige onderrig meer geduld is nie. As vurige voorstander van christelik-nasionale onderwys, sien ds. Goddefroy dit as 'n

roeping en 'n taak van die Kerk om ook op die opvoedkundig-kulturele terrein daarvoor te sorg dat die gedoopte kinders van die Kerk opgevoed word volgens die inhoud van die Kerk se belydenis. Die Kerk se taak is dan ook, as die Owerheid ander weë gaan, om self voorsiening te maak en toe te sien dat die volk nie vervreem raak van die Evangelie van Jesus Christus nie. Hy het dan ook reeds in 1885 gestel[29]):

> „De Kerk moet naar de menschen komen, omdat de menschen niet meer tot de Kerk komen. Dat zal dan wellicht de weg zijn dat zij ook weer de Kerk vinden. Van de daken moet gepredikt worden, niet slechts in de Kerk. Neen, in groote danszalen en overal in het woest gedruisch des levens moet het geklank des Evangelies zich doen hooren."

Uit hierdie enkele fragment kan daar reeds bepaalde tendense verneem word dat ook in ds. Goddefroy se ampswerk in die Z.A. Republiek verder deurwerk.

Wat oudl. C. J. Joubert betref, is dit opvallend hoe sterk sy patriotiese gevoel is en hoe skerp hy gekant is teen alles wat die vryheid van die Transvaalse volk bedreig. In hierdie verband het hy met 'n geleentheid gestel[30]):

> „Ik heb besloten het mijn volk te staan of te vallen. Geen Engelsche of Duitsche, zelfs geen Hollandsche overheersching zullen wij erkennen, nog dulden. Wij zullen staan als vrijgekochte kinderen van het nageslacht dier standvastige vaderen, die alles hebben opgeofferd om het juk der slavernij af te werpen. . . . Geen vreemde invloeden zullen door mij worden voorgestaan, geen vertrapping van rechten onzer burgers zal door mij worden toegestaan."

Daarby is dit opvallend dat Joubert in sy opvatting wie tot die volk behoort, baie eksklusief is want alleen die Voortrekker-nasate en diegene wat nooit 'n aanslag op „het Vrijheidsvolk" gemaak het, word deur hom aanvaar as deel van die volk.

Dit is te verwagte dat hierdie twee manne se opvattings 'n rol speel in die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1888. Reeds met die aanvang van die vergadering het ds. Goddefroy 'n oorsig gegee oor die kerkvereniging en die gevolge daarvan en dan stel hy[31]):

---

29) M. J. Goddefroy. **Iets meer en Iets anders uit de Geschiedenis der Reorganisatie van het beheer der Kerkelijke goederen en fondsen der N.H. Gemeente te Achlum**, Franeker 1885, blz. 38.

30) G. D. J. Duvenage, **C. J. J. Joubert, 1834-1911**, artikel in **Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit**, Krugersdorp 1969, bls. 113.

31) **Notulen**, 1888, blz. 7.

„Ook deed het hem (Ds. Goddefroy) genoegen hier vele ouden van dagen onder de aanwezigen te tellen, die de Kerk alzoo velen malen tegen vreemde overheersching hebben verdedigd, en hij verzekerde dat wij nu zullen blijven vasthouden aan de volgende twee fondamentele beginsellen, levensvoorwaarden voor de vrijheid van dit land, en grondslagen dierzelfde (Kerk-)wet:

Strijd tegen vreemde overheersching,

Tegen gelijkstelling met kleurlingen.

Daarom was het voor de Ned. Herv. Kerk onmogelijk zich te vereenigen met het nieuwe Kerkgenootschap, daar dit onder vreemde overheersching staat."

Hieruit word wel duidelik in hoe 'n noue betrekking die Kerk tot die volk gesien is en hoe geoordeel is dat die Kerk ook op die staatkundig-kulturele vlak 'n besliste taak het. Daarom het oudl. Joubert ten opsigte van dié twee beginsels ook gestel[32]):

„Die beginselen hebben onze vaderen geleid en kracht gegeven, toen zij met den bijbel in de hand, van deze woesternij een bewoonbaar oord hebben gemaakt."

Dit is duidelik dat die vergadering met die beklemtoning van hierdie beginsels baie sterk teruggryp na die standpunt van die Kerk in 1853. Dit is ook so deur oudl. Joubert aangetoon as hy stel[33]):

„De Hervormde Kerk kan zich nooit vereenigen met de Ned. Gereformeerde, die gebonden is aan de Kaapsche Synode, welke onder de Engelsche Regeering staat, onze vaderen hebben gestreden voor vrijheid, zoowel staatkundig als geestelijk, en de wet der Ned. Herv. of Ger, Kerk staat onder toezicht der Kaapsche Synode, soodat de Kerk zelfs geen Predikant kan beroepen zonder goedkeuring der Synode, en dus van een lichaam, dat aan het Engelsche Gouvernement onderworpen is.

---

[32]) **Notluen**, 1888, blz. 24. Ten opsigte van die afweer van gelykstelling met die kleurlinge (dit is volgens die destydse heersende omskrywing diégene wat nie-blanke vader of moeder gehad het of die nakomelinge van diesulkes tot in die vierde geslag) het oudl. Joubert gestel: . . . dat de vroegere Herv. Kerk, gevestigd door het volk van het land, en alzoo de Kerk van den Staat, niet gehouden was, om te waken voor de gelijkstelling van kleurlinge met blanken in de Kerk, omdat Kerk en Staat toen een waren en er toen ter tijde voorzieningen waren in de staatkundige wetten van het land. Nu Kerk en Staat niet meer in die naauwe betrekking tot elkander staan en dus de staatkundige wetten de Kerk in deze niet meer beschermen. is het noodig eene bepaling in dezen zin in de Kerkwet op te nemen. Hier lê dus, histories gesproke, die beginpunt van dié artikel in ons huidige Kerkwet wat algemeen as **Artikel III** bekendstaan en waaroor soveel stof opgewaai het in die sestiger jare.

[33]) **Notulen**, 1888, blz. 29.

Wij hebben onze geestelijke vrijheid zoo goed lief als onze staatkundige, en iedere overheersching is voor ons een onoverkomelijke hinderpaal."

Hierdie gedagtes het ook weerklank gevind in die **Broederlijk Schrijven** wat deur die Algemene Vergadering uitgereik is. In hierdie amptelike stuk word die verhouding tussen Kerk en volk as volg aangedui[34]):

„Onze Kerk, de Nederduitsch Hervormde, is de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk, dat de Republiek heeft gesticht."

Wanneer verwys word na 1853 en die beslissings wat daar geneem is, word die volgende gestel[35]):

„Even als de Staat wenschten zij de Kerk in te richten, overeenkomig de heilige verordeningen Gods, **maar teven als waarborg van hare staatkundige onafhankelijkheid** . . . Onze vaderen wilden zichzelven zijn; geen kerklijke invloed van onderdanen van Engelsche bestuur: de mannen die de Republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelden zich ook in staat een eigen kerk op te richten: **voor het volk, om het volk en door het volk!** Laat ons het voorbeeld onzer vaderen in eere houden! Het is bewonderenswaardig hoe onze vaderen met vaste stap op den rechten weg zijn voortgegaan."

Hierdie opmerkings korreleer weer met die opvatting wat ds. Goddefroy aan die begin van die vergadering na vore gebring het, toe hy gestel het[36]):

„Wij kunnen ons niet aansluiten bij de Kaapsche Kerk, omdat die Kerk onder vreemde overheersching staat, want zij is niet vrij van den Staat. Ja, zij kan wat vrijheid aangaant nog eens een les komen nemen bij de Ned. Hervormde Kerk, het geen door niemand werd tegengesproken, en zelfs kon worden tegengesproken. De Voorzitter verklaarde verder dat de Ned. Hervormde Kerk wil voortgaan op het pad en inde richting door onze vaderen afgebakend en zij eischt alleen vrijheid des geloofs."

---

34) **Notulen**, 1888, blz. 92.

35) **Notulen**, 1888, blz. 94. Die formulering hier vra op één punt nadere kommentaar dit wil sê waar gestel word dat die vadere 'n eie kerk opgerig het. 'n Oppervlakkige mening sou wees dat die vadere van mening was dat hulleself instaat sou wees om 'n Kerk „op te rig" — dit is natuurlik prinsipieel onmoontlik omdat die Kerk 'n gegewene van God is. Vgl. in hierdie verband NGB. art. 27 vg. Buitendien het die Vootrekkers nie eers in Transvaal 'n eie, georganiseerde, sigbare kerklike organisasie daargestel nie, maar feitlik direk na hulle vertrek uit die Kaapkolonie. In hierdie verband is veral die Dagboek van Erasmus Smit besonder insiggewend.

36) **Notulen**, 1888, blz. 8.

Uit die formulering in die **Broederlijk Schrijven** is dit duidelik dat ondanks die veranderde omstandighede wat in 1888 gegeld het, die Algemene Kerkvergadering die Ned. Hervormde Kerk beskou het as die voortsetting van „de nationale volkskerk". Die sigbaar-georganiseerde Kerk wat deur die vadere opgerig is in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek. Hierdie Kerk het, afgesien van sy taak tot Evangelieverkondiging, op die staatkundig-kulturele vlak die opdrag gehad om ook te dien as 'n bolwerk vir die Afrikaner-vryheidsideaal soos dit in die ou Z.A. Republiek geleef het. Hoewel die Kerk in 1888 nie meer die hele volk van die Z.A. Republiek omvat nie maar nou langs die verenigde Kerk en die Gereformeerde Kerk bestaan, het dié Kerk nog sy noue verbondenheid met die Voortrekkerideale behou omdat sy lidmate daardeur besiel is en so het die Kerk daarin geslaag om 'n voortsetting te bly van „de nationale volkskerk" — dit wil sê: „Voor het volk, om het volk en door het volk".

Dit is duidelik dat in die Kerk self hierdie aspek van die kerk-wees van die Kerk nie baie duidelik deurdink is nie. Met eenvoud is vasgehou aan die gedagtes hierbo aangehaal en verder is artikels 2 en 3 van die **Algemene Bepalingen** van **die Algemeen Reglement,** soos dit reeds in 1862 opgestel is, onveranderd gehandhaaf, èn nageleef[37]). Hoewel ds. Goddefroy in sy kontrovers met ds. H. S. Bosman hierdie aangeleentheid wéér behandel, bring hy feitlik geen nuwe argumente na vore nie en bly hy by die standpunt van die Algemene Kerkvergadering van 1888[38]). Een aspek is egter onmiddellik duidelik dat in die uiteensetting dit as volkome vanselfsprekend geag is dat wanneer van **volkskerk** gepraat is, begrip **volk** nie die begrip **Kerk** gekwalifiseer het ten opsigte van die sentrale taak van die Kerk, naamlik die Evangelieverkondiging nie. Veel eerder word hier verwys na die

---

[37]) **Notule van die Volksraad,** gepubliseer in **S.A. Argiefstukke,** Transvaal No. 4, Kaapstad s.j., bls. 582: Art. 2: Tot elke byzondere gemeente behooren: die op belydenis des geloofs tot lidmaten zyn aangenoemen; die vooralsnog alleen door den doop in hare gemeenschap zyn ingelyfd; die door geboorte uit Hervormde ouders of door den overgang hunner ouders tot de Hervormde Kerk, gerekend worden tot eene byzondere gemeente in betrekking te staan; die in eenig Hervormde Gemeente, hetzy hier te lande, hetzy elders zyn rekend, als behoorende tot de Hervormde Kerk. en van hunnen doop of hunne belydenis door behoorlyke bewyzen hebben doen blyken. Art. 3: Deze allen blyven tot de Nederduitsch Hervormde Kerk behooren, zoo lang zy nier door woord of daad ten duidelykste toonen zich van haar af te scheiden, of door haar van hunne betrekking tot de kerk zyn vervallen verklaard.

[38]) M. J. Goddefroy. **De Kerkkwestie. Niet een Leer- maar een Levenskwestie.** Den Haag 1889.

reformatoriese Kerk wat die geheel-van-die-volk, die gekerstende volk, omvat — 'n gedagte wat deur Ph. J. Hoedemaker in 1891 as volg geformuleer is[39]):

> „En niet van de politieke leiders, maar van de Kerk van Christus gaat de kracht uit. Zij is door God in het middelpunt van het volksleven geplaatst als het hart in het lichaam en onafscheidelijk van het lichaam."

Dit is nie die volk wat die Kerk bepaal nie, maar die Kerk wat rondom die Woord van God die hele volk vergader en aan die volk die Woord van God bring soos dit op alle lewensterreine geld. In homself is die Kerk die ruimte waar die diepste en hoogste ideale van die volk na vore kom en getoets kan word aan die Woord of daardeur rigting gegee kan word. Die verhouding tussen Kerk en volk word dus nie gesien as 'n wesensverband nie. Dit is veeleer 'n verhouding wat gekenmerk word deur die begrippe **roeping** en **verantwoordelikheid.** As dit só gesien word, is dit vanselfsprekend om dan van volkskerk te praat omdat die Kerk met sy prediking ingaan in al die organiese geledinge van die mensdom[40]):

Dié situasie word netjies raakgevat deur die opmerking van Van Ruler[41]):

> „Van pure katholiciteit is zij (die Kerk) o.a. ook nationaal. Zij gaat m.a.w. niet alleen, in een extensieve katholiciteit, uit tot alle volkeren, maar ook, in een intensieve katholiciteit, tot alle momenten van het leven."

Wanneer die Algemene Kerkvergadering van 1888 van die besondere verbondenheid van Kerk en volk praat, dan is dit ongetwyfeld alléén met die gedagte dat die Kerk as draer van die Evangelie van Jesus Christus daar is terwille van die volk, 'n volk wat gedoop is, wat opgeneem is in die verbond van God.

In Nederland is die volkskerk-gedagte in die negentigerjare van die vorige eeu deur Abraham Kuyper onder 'n vraagteken gestel. Hierdie bedenkinge is uitvoerig deur Hoedemaker en andere weerspreek. Daardie gedagtewisseling in Nederland het in die periode voor die Driejarige Oorlog hier feitlik géén weerklank gevind nie en dit het ook baie min invloed op die denke van die Kerk in hierdie verband gehad.

---

39) **Gereformeerde Kerk**, 16 April 1891 soos aangehaal by H. J. Langman, **Kuyper en de Volkskerk**, Kampen 1950, blz. 187.

40) Vgl. hier ook H. J. Langman, a.w., blz. 191.

41) A. A. van Ruler, **Heeft het nog zin, van „Volkskerk" te spreken?** Wageningen 1958, blz. 13.

Die Algemene Kerkvergadering van 1888 formuleer, al is dit baie kortliks, die gedagte van die volkskerk wat die gevolg daarvan was dat die Kerk met sy Evangelieprediking en sakramentsbediening volkome ingegaan het in die organiese geledinge van die volk en daarom ook 'n bepalende invloed uitgeoefen het op die staatkunde, die maatskaplike en openbare lewe. Die Kerk was feitlik die verbisondering van die godsdiens wat elke dag uitgeleef is. Die Kerk was die liggaam wat die volk as geheel opgeroep het en wou lei om 'n heilige gemeenskap te wees wat alleen tot eer van God geleef het. Daarom het die Kerk en kon die Kerk ook nie losstaan van die staatkundige en maatskaplike en kulturele lewe van die volk nie maar het die Kerk ook daar die rigtinggéwende Woord van God uitgedra.

Hierdie situasie word duidelik geskets deur die Staatspresident S. J. P. Kruger in 'n toespraak wat hy in die Volksraad gehou het op 11 Mei 1885[42]):

„Hy (naamlik die Staatspresident) meen dat, sover hy weet, alle lede lidmate van die kerk in die land is en dat hulle met hom één in die geloof is. Die Christen het die kerk as fondament waarop hy bou; die staat is op die kerk gebou; op die kerk steun ons, en dit kan niemand wegredeneer nie; van die kerk en die kerkraadslede hoor Sy Hoogedele nie dikwels op 'n toon van veragting spreek nie. Toe ons land indertyd aangelê is, moes kerkraadslede persoonlik koste gedra en diens gedoen het. In latere tye is hulle van persoonlike krygsdiens vrygestel, behalwe wanneer krygswet afgekondig is, wanneer hulle eweneens diens gedoen het. Vroeër het die kerk ondersteuning van die staat geniet; die kerk het die verpligting nou op homself geneem; hy wil die staat nie meer daarmee lastig val nie. En nou behoort ons die kerk ook nie in die weg te staan nie, nie lam te maak nie, nie te verswak nie. As byvoorbeeld die enigste perd van 'n kerkraadslid opgekommandeer word, en hy daardeur nie meer in staat is om die predikant te vervoer nie, word sy werk verlam. Dit is nie meer as billik en reg dat ons die kerk beskerm nie; dat ons byvoorbeeld sê: in die gemeente waar die vrywillige beginsel aangeneem is, betaal 'n kerkraadslid eenderde minder as die ander. In elk geval behoort die saak met bedaardheid oorweeg te word, want word die kerk lam gemaak, word die staat ook verlam."

Aan die ander kant het ons in die periode voor die Driejarige Oorlog óók situasies waar **die volk**, as gemeenskap van gelowiges, die Kerk in sy spreke en denke vooruitgeloop het. 'n Besondere

---

[42]) J. S. du Plessis, **President Kruger aan die Woord**, Bloemfontein s.j., bls. 81.

geval wat in hierdie verband genoem kan word, is die belofte van 1880 te Paardekraal wat as 'n hernuwing van die Gelofte van 1838 verstaan is[43]). Hoewel hierdie 1880-belofte nog in die **Broederlijk Schrijven** van 1888 naklink, is die besondere verhouding van Kerk en volk, ook as gevolg van hierdie moment, nie nader uitgewerk of verder gemotiveer in daardie tyd nie. Dit wil voorkom dat die verhouding so vanselfsprekend aanvaar en beleef is dat 'n nadere uitwerking daarvan nie nodig geag is nie.

Na 1902 het die situasie, veral in Transvaal, só drasties verander dat hierdie gedagtes oor die verhouding Kerk en volk wat in 1888 geformuleer is, grotendeels uit die denke en spreke van die Kerk verdwyn het. Die vraag bly egter staan of dit geestelike erfgoed van die Kerk is wat maar in die verlede moet bly rus of dat dit weer na vore gehaal moet word sodat daar verder besin kan en moet word oor die vraag na die verhouding van Kerk en volk in Suid-Afrika.

---

43) J. S. du Plessis, a.w., bls. 95.